PCO

Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging

Grondwet van die Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO)

1 Interpretasie en woordomskrywing

Waar die volgende woorde en/of uitdrukkings in hierdie Grondwet gebruik word, sal dit die volgende betekenis dra:

Vereniging: Die Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging 'n vrywillige en nie-winsgewende liggaam wat op 30 Augustus 1994 opgerig is as die Potchefstroomse Gereformeerde Ouervereniging (PGO), waarvan die naam op 17 November 1998 verander is na die Potchefstroomse Calvinistiese Ouervereniging (PCO).

Grondwet: Die onderhawige dokument, naamlik die Grondwet van die Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging.

Bestuur: Bestuur van die Vereniging.

Dagbestuur: 'n Verkleinde Bestuur wat dringende sake van die Bestuur hanteer of sake wat spesifiek aan hulle opgedra is, en wat aan die Bestuur rapporteer.

Lid: 'n Lid van die Vereniging wat op 'n gegewe tydstip aan al die lidmaatskapvereistes voldoen en ledegeld betaal het.

Daarstelling: Die daarstelling van opvoedkundige inrigtings ingevolge Art. 3.3 behels die stigting van nuwe inrigtings of die verkryging van bestaande inrigtings. In gevalle waar sodanige inrigtings nie tot selfstandigheid gelei word nie en die Vereniging die eienaarskap oor die inrigting behou, behels "daarstelling" ook die oorhoofse beheer oor sodanige inrigtings.

Skool: 'n Opvoedkundige inrigting onder die oorhoofse beheer en eienaarskap van die Vereniging.

Beheerraad: Die liggaam wat vir die oorhoofse beheer, dit is die korporatiewe bestuur, van 'n spesifieke Skool verantwoordelik is, soortgelyk aan 'n beheerliggaam van 'n openbare skool. Die benaming waaronder 'n beheerraad bekendstaan, kan van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal word.

Uitvoerende Komitee: 'n Verkleinde Beheerraad wat dringende sake van 'n Skool hanteer, asook sekere bestuursfunksies wat spesifiek aan hulle opgedra is, en wat aan die Beheerraad rapporteer.

Prinsipaal: Die hoof en uitvoerende beampte van ’n Skool wat die Skool bestuur volgens riglyne wat die Beheerraad stel.

Kworum: ’n Kworum is die minimum aantal lede nodig op ’n vergadering vir ’n geldige besluit. By alle vergaderings is die kworum 51% of meer van die totale aantal lede, behalwe waar hierdie grondwet vir bepaalde gevalle ’n ander vereiste stel.

Bely en uitleef: Artikel 4.1.2 hier onder word soos volg nader verklaar. Die toetssteen of iemand genoemde dokumente bely en uitleef is ten minste die bereidheid om dit skriftelik te aanvaar, asook aktiewe lidmaatskap aan ’n kerklike gemeenskap (gemeente) wat sodanige dokumente erken.

Tensy die konteks dit onmoontlik maak, staan die enkelvoud ook vir die meervoud en andersom, en staan die manlike vorm ook vir die vroulike vorm en andersom.

Entiteite word met ’n hoofletter en persone met ’n kleinletter aangedui.

2 Grondslag

Die grondslag van die Vereniging is die Heilige Skrif soos bely in die drie Formuliere van Eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

3 Doel

Die doel van die Vereniging is om ter nakoming van die doopbelofte en in gehoorsaamheid aan die eise van die Woord van God, gereformeerde onderwys te bevorder deur:

3.1 die bekendstelling van die beginsel van gereformeerde onderwys in die algemeen;

3.2 die bevordering van gereformeerde onderwys in die bestaande onderwys-/ opvoedkundige inrigtings;

3.3 die daarstelling van gereformeerde opvoedkundige inrigtings waar daar nie bestaande gereformeerde onderwys is nie.

4 Lidmaatskap

4.1 Lidmaatskap van die Vereniging staan oop vir enige persoon bo 18 jaar wat:

4.1.1 die Grondslag en Doel van hierdie Vereniging (uiteengesit in artikels 2 en 3 van hierdie Grondwet, en in besonderhede beskryf in die Credo van hierdie vereniging) onderskryf; en

4.1.2 die Heilige Skrif as die onfeilbare Woord van God aanvaar, en die Drie Formuliere van Eenheid bely en uitleef.

4.2 Lidmaatskap strek van Januarie tot Desember en word jaarliks hernu deur die lidmaatskapsvorm te voltooi en die voorgeskrewe ledegeld te betaal.

4.3 ’n Grasietydperk vir die hernuwing van lidmaatskap geld tot en met sewe dae nadat die skooljaar in Januarie begin het ten einde lede geleentheid te gee om lidmaatskap te hernu. Tydens die grasietydperk kan lede hulle lidmaatskap op grond van die vorige jaar se lidmaatskap uitoefen.

4.4 Lede het stemreg op ledevergaderings, kan op die Bestuur dien en kan op die Beheerrade van die Skole dien.

4.5 Die Bestuur beslis oor die toelating van nuwe lede deur na te gaan of voornemende lede aan die lidmaatskapsvereistes voldoen en die voorgeskrewe lidmaatskapsfooi betaal het.

4.6 Lidmaatskap word beëindig wanneer ’n lid te sterwe kom, lidmaatskap skriftelik opsê, in gebreke bly om lidmaatskap ingevolge artikel 4.2 te hernu, of wanneer die Bestuur kan aantoon dat die persoon nie meer aan Artikel 4.1 voldoen nie.

5 Bestuur

5.1 Algemene vereistes

Slegs lede van die Vereniging kan op die Bestuur dien, behoudens beperkings wat 8 ten opsigte van personeel stel.

5.2 Samestelling

5.2.1 Verkose lede

(a) Vyf bestuurslede word deur die Vereniging verkies.
(b) Twee van die vyf verkose bestuurslede is die voorsitter en ondervoorsitter, wat in funksie verkies word.
(c) Die verkiesing van bestuurslede vind tydens ’n Jaarvergadering plaas, tensy ’n vakature tussen jaarvergaderings gevul moet word.
(d) Die dienstermyn van verkose bestuurslede is twee jaar, wat sover moontlik gereël word om kontinuïteit op die Bestuur te verseker.
(e) Verkose lede is herkiesbaar.
(f) Vakatures wat in die geledere van die verkose bestuurslede mag ontstaan tussen twee verkiesings kan gevul word òf deur koöptering, òf by wyse van verkiesing tydens ’n gewone of spesiale ledevergadering. Die plaasvervangende bestuurslid dien vir die oorblywende deel van die twee jaar dienstermyn.

5.2.2 Gekoöpteerde lede

(a) Die Bestuur kan ’n maksimum van twee lede koöpteer.
(b) Gekoöpteerde bestuurslede se termyn strek tot by die jaarvergadering waar ’n nuwe bestuur verkies word.
(c) Gekoöpteerde bestuurslede is verkiesbaar vir ’n volle termyn as verkose bestuurslede. Hulle kan ook opnuut deur die nuwe bestuur gekoöpteer word.

5.2.3 Die Bestuur stel die volgende persone uit verkose en/of gekoöpteerde lede aan:

(a) ’n Sekretaris en 'n tesourier.
(b) 'n Dagbestuur, bestaande uit die voorsitter en ten minste een ander bestuurslid.

5.2.4 Die verkiesing van persone ingevolge Artikel 5.2.3 vind tipies tydens die Bestuur se konstitueringsvergadering plaas. Slegs verkose en gekoöpteerde bestuurslede kan vir sodanige verkiesing in aanmerking kom.

5.3 Bevoegdhede en funksies

5.3.1 Die Bestuur verteenwoordig die Vereniging om die doel van die Vereniging soos in Artikel 3 beskryf word, asook die algemene belange van die Vereniging, te bevorder.

5.3.2 Die Bestuur kan personeel aanstel en ontslaan, en diensvoorwaardes vir die personeel opstel.

5.3.3 Die Bestuur beheer die bates van die Vereniging, maar vir die aangaan van lenings, die verkryging, beswaring of vervreemding van vaste bates of die aangaan van ’n borgakte, benodig die bestuur die goedkeuring van ’n ledevergadering.

5.3.4 Die Bestuur probeer om gereformeerde onderwys vir ouers bekostigbaar te maak, onder andere deur die daarstel en administrering van beursfondse.

5.4 Beëindiging van bestuurslidmaatskap

5.4.1 ’n Bestuurslid se bestuurslidmaatskap word beëindig wanneer die lid bedank, die lid se lidmaatskap aan die Vereniging verval het, of in terme van Artikel 5.4.2 hier onder.

5.4.2 ’n Bestuurslid se bestuurslidmaatskap word beëindig indien die Bestuur gevolg gee aan ’n mosie tot die effek by wyse van ’n meerderheid stemme.

5.5 As ’n organisasie sonder winsmotief verkry die Vereniging sy inkomste en bates uit ledegeld, skenkings, rente, erflatings, beursfondse, eiendom of enige ander bate.

6 Skole

6.1 Die Bestuur oefen algemene toesig en beheer uit oor Skole ingevolge Artikel 3.4, veral ten opsigte van die koers en gehalte van die onderwys.

6.2 Die Skole kan as aparte entiteite registreer met die oog op fondsinsameling, bankrekenings en betalings aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, behoudens Artikels 6.1 en 6.3.1, asook bepalings wat die Bestuur mag stel ten opsigte van finansiële verslaglewering aan die Vereniging.

6.3 Finansies van skole

6.3.1 Tensy die Vereniging by ’n wettige vergadering uitdruklik tot die teendeel besluit, word die inkomste en bates van die Vereniging en van die Skole apart geadministreer, maar bly die bates van die Skole die eiendom van die Vereniging, ongeag hoe die skole sodanige bates opgebou het.

6.3.2 Die Skole verkry hulle inkomste en bates uit skoolgeld, skenkings, rente, erflatings, eiendom, fondsinsameling, subsidies of enige ander bate.

6.4 Beheerrade

6.4.1 Die Bestuur stel gereeld ’n Beheerraad vir elk van die Skole aan.

6.4.2 By die aanstelling van Beheerrade kan die Bestuur sover moontlik ouers van die Skole betrek, byvoorbeeld deur te reël dat die ouers ten minste sommige van die lede van Beheerrade verkies.

6.4.3 Beheerrade oefen namens die Bestuur beheer uit ten opsigte van skool-spesifieke sake, waaronder:

(a) Die daarstelling van reglemente, interne reëls en beleide van die Skole, behoudens Artikel 9.3 en 9.4;
(b) Die aanstelling en ontslag van personeel, aangaan van kontrakte met die personeel asook die opstel van diensvoorwaardes vir die personeel;
(c) Die toesig oor die leerplan en leerinhoude;
(d) Die hantering van navrae, wenke en klagtes van ouers met betrekking tot skoolaangeleenthede;
(e) Alle aspekte ten opsigte van die skool se finansies en bates wat die Bestuur onder die beheer van die Beheerraad stel.

6.4.4 Elk van die Beheerrade stel volgens interne reëls ’n Uitvoerende Komitee aan.

6.4.5 Indien geen Beheerraad vir ’n Skool ingevolge artikel 6.4.1 aangestel word nie, vervul die Bestuur ’n dubbele funksie deur ook as Beheerraad van sodanige Skool op te tree.

6.4.6 ’n Beheerraadslid se lidmaatskap aan die betrokke raad word beëindig wanneer die lid bedank, die lid se lidmaatskap aan die Vereniging verval het, of indien die Bestuur gevolg gee aan ’n mosie tot die effek by wyse van ’n meerderheid stemme.

7 Ledevergaderings

7.1 Daar word drie soorte ledevergaderings onderskei, naamlik jaarvergaderings, gewone ledevergaderings en buitengewone ledevergaderings.

7.2 Jaarvergaderings

7.2.1 Die Bestuur moet jaarliks ’n jaarvergadering belê.

7.2.2 Tydens ’n jaarvergadering word die volgende punte behandel vir kennisname en goedkeuring:

(a) Voorsittersverslag;
(b) Verslag van die tesourier, insluitende die finansiële state en begroting van sowel die Vereniging as die Skole;
(c) Jaarverslae van die Skole se prinsipale;
(d) Verkiesing van bestuurslede ingevolge Artikel 5.2.1;
(e) Sake wat die Bestuur op die sakelys plaas.

7.3 Gewone ledevergaderings

Die Bestuur kan na behoefte en goeddunke gewone ledevergaderings belê.

7.4 Buitengewone ledevergaderings

7.4.1 Buitengewone ledevergaderings moet deur die Bestuur belê word wanneer minstens 20% van die lede ’n skriftelike versoek in die verband by die Bestuur

indien of in die geval waar daar geen kworum by ’n Jaarvergadering of gewone ledevergadering teenwoordig is nie (sien 7.5.3).

7.4.2 Die bestuur moet binne twee weke aan sodanige versoek voldoen, en indien die bestuur in gebreke bly, kan die lede self ’n buitengewone ledevergadering belê.

7.5 Kworum

Behoudens Artikel 10 en 11, geld die volgende reëlings:

7.5.1 Die kworum by alle ledevergaderings is 30% van die totale aantal lede.

7.5.2 Indien geen kworum teenwoordig is nie, kan ’n vergadering as buitengewone vergadering voortgaan om alle sake wat slegs ter inligting dien en dus geen besluitneming of goedkeuring van lede verg nie, af te handel.

7.5.3 Indien geen kworum teenwoordig is nie en besluite geneem moet word. dit wil sê sake goedgekeur moet word, word ’n buitengewone vergadering vir ’n latere datum belê. Die buitengewone vergadering moet aan dieselfde vereistes voldoen ten opsigte van kennisgewing en sakelys as die eerste vergadering. By so ’n buitengewone vergadering wat volg op ’n vergadering wat nie ’n kworum kon bereik nie, vorm die teenwoordige lede die kworum.

7.6 Stemreg en stemming

7.6.1 Alle lede het stemreg.

7.6.2 Besluite word met meerderheid van stemme geneem, behalwe waar hierdie Grondwet anders bepaal.

7.6.3 Oor sake kan mondeling maar oor persone moet skriftelik gestem word. By staking van stemme oor ’n saak word die voorstel as verworpe beskou. By staking van stemme oor persone word weer gestem. Indien daar dan steeds ’n staking van stemme is, word, na gebed, die lot gewerp.

7.7 Kennisgewing en sakelys

7.7.1 Kennisgewing van alle ledevergaderings moet saam met ’n sakelys aan alle lede gestuur word. Versending kan in hardekopie en/of elektronies geskied.

7.7.2 In die geval van gewone ledevergaderings en buitengewone ledevergaderings moet die kennisgewing en sakelys minstens twee weke voor die vergadering aan die lede gestuur word. In die geval van Jaarvergaderings en vergaderings waarop wysigingsvoorstelle ten opsigte van die Grondwet en belangrike beleidsdokumente dien, moet sodanige kennisgewing en sakelys minstens drie weke voor die vergadering aan lede gestuur word.

7.7.3 Die sakelys word saamgestel op grond van besprekingspunte wat tydens ’n vorige vergadering vir besluitneming verwys is, sake wat die Bestuur op die sakelys plaas en sake wat ingevolge Artikel 7.5.3 op die agenda hoort.

7.7.4 Aanvullende besprekingspunte moet skriftelik gemotiveer en ’n week voor die vergadering by die sekretaris besorg word. Besprekingspunte lei nie direk tot besluit nie, maar word òf na die Bestuur òf na ’n volgende ledevergadering vir besluitneming verwys.

7.8 Ander vergaderings

Afgesien van ledevergaderings kan die Bestuur of onderskeie Beheerrade na behoefte vergaderings hou waar inligting gegee word, skakeling plaasvind of praktiese reëlings getref word, en wat groepe soos ouers, skenkers of belangstellendes betrek. Sodanige vergaderings kan geen besluite neem wat die Vereniging bind nie.

8 Personeel

8.1 Personeel van die Vereniging en van die Skole moet lid van die Vereniging wees of by aanstelling as lid aansluit.

8.2 Personeel van die Vereniging kan slegs in adviserende hoedanigheid op die Bestuur dien.

8.3 Personeel van die Skole kan slegs in adviserende hoedanigheid op die onderskeie skole se Beheerrade dien. Prinsipale dien in adviserende hoedanigheid, sonder stemreg, op die onderskeie Beheerrade.

9 Reglemente en beleidsdokumente

9.1 Reglemente en beleidsdokumente van die Vereniging en Skole moet in samehang met die Grondwet van die Vereniging gelees word. Alle reglemente en beleidsdokumente gaan uit van die doel van die Vereniging soos in Artikel 3 omskryf word.

9.2 Die Vereniging keur 'n Huishoudelike Reglement goed, wat die Vereniging se interne funksionering reël. Laasgenoemde kan sake insluit soos die Vereniging se setel, taal van vergaderings en dokumentasie, asook die boekjaar.

9.3 Die Skole se Beheerrade stel reglemente, interne reëls en beleide op, ten opsigte van die onderskeie Beheerrade se eie sake en Skole onder hulle beheer, met dien verstande dat sodanige dokumente in ooreenstemming met die grondslag van die Vereniging sal wees. Sodanige dokumente sluit die Skole se toelatingsvereistes en skoolreëls in.

9.4 Die Bestuur moet die visie, missie, waardes en etos van Skole goedkeur.

10 Wysiging van die Grondwet

10.1 Artikel 2 oor die grondslag, sowel as hierdie artikel (10.1) is wysigbaar slegs met instemming van 100% van die totale aantal lede van die Vereniging teenwoordig by ’n behoorlik gekonstitueerde ledevergadering.

10.2 Artikel 3 oor die doel, artikel 4 oor lidmaatskap van die Vereniging, sowel as hierdie artikel (10.2) is wysigbaar slegs met instemming van 90% van die totale aantal lede van die Vereniging teenwoordig by die behoorlik gekonstitueerde ledevergadering.

10.3 Behalwe soos bepaal in artikels 10.1, 10.2 en 11, word die volgende vereiste vir die wysiging van hierdie Grondwet gestel: Wysiging van hierdie Grondwet kan aangebring word deur ’n behoorlik gekonstitueerde ledevergadering wat bevestig dat twee-derdes van die totale aantal lede sodanige wysiging goedkeur, hetsy deur stemming op die vergadering of per posstem.

11 Ontbinding van die Vereniging

11.1 Artikel 11 kan slegs gewysig word met ’n drie-kwart meerderheidstem op ’n ledevergadering waarvan die kworum drie-kwart van die totale aantal lede van die Vereniging is.

11.2 Behoudens Artikel 11.3 kan ontbinding van die Vereniging kan slegs geskied met ’n drie-kwart meerderheidstem op ’n ledevergadering waarvan die kworum drie-kwart van die totale aantal lede van die Vereniging is.

11.3 Die Vereniging moet ontbind indien daar vyf of minder lede oor is en dié oorblywende lede nie binne 'n tydperk van ses maande nadat die ledetal tot vyf of minder gedaal het, ’n verdere vyf lede kan werf nie.

11.4 By ontbinding van die Vereniging moet sy direkte bates, sowel as indirekte bates ingevolge Artikel 5.7.2, aan een of meer verenigings of instansies met ’n soortgelyke doelstelling as die Vereniging oorgedra word.

Goedkeuring: Grondwet

1. *Goedgekeur 30 Augustus 1994 – Potchefstroomse Gereformeerde Ouervereniging (PGA)*
2. *Goedgekeur 17 November 1998 – Potchefstroomse Calvinistiese Ouervereniging (PCO)*
   27 Oktober 2005 (slegs redigering, inhoud nie verander)
   2014? (nie volgens geldige proses goedgekeur nie)
3. *Goedgekeur op ledevergadering, 27 Maart 2018 – huidige weergawe, Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging (PCO)*

Geteken:

P. P. Krüger	F. Theron
Voorsitter PCO Bestuur	Sekretaris PCO Bestuur